| Illus. 31: | Die Regiment Overvaal tydens grensdiens, Messina 1985. | 116-117 |
| Illus. 32: | Soldate ontplooi in Sebokeng tydens Operasie Palmiet, Oktober 1984. | 137-138 |
| Illus. 33: | Lede van Vaaldriehoekse veiligheidsmagte tydens Operasie Vasvat in Oktober 1991. | 142-143 |
| Illus. 34: | 'n Taakmag bestaande uit helikopters, soldate en pantsermotors het Houtkop gepatrolleer. | 142-143 |
| Illus. 35: | Die Regiment Sasolburg en Vanderbijlpark, en Vereeniging en Meyerton Kommando's, het op dieselfde geleentheid in Augustus 1991 hulle nasionale vaandels ontvang. | 150-151 |
| Illus. 36: | Kol. F. S. Mulder van Kroonstad het op Krugerdag 1979 die Kultuurraad van Parys toegespreek. Vlnr. kol. F. S. Mulder, T. R. W. Potgieter (voorsitter van die Kultuurraad van Parys) en dr J. P. Brits. | 153-154 |

| | | |
|---|---|---|
| Illus. 37: | Heinz Lass van die Sentrum vir Internasionale Politiek op Potchefstroom van die PU vir CHO het 'n gesamentlike vergadering van drie Rapportryerskorpse gehou. Vlnr. T. van Tonder, dr. H. Fourie, H. Lass en D. Jacobs. | 153-154 |
| Illus. 38: | Ds. Mossie van den Bergh het die Nellie Swart Klub van Vereeniging toegespreek oor die vrou se bydrae tot paraatheid en moreel in die Weermag. Vlnr. Mev. Sarina Labuschagne, mev. Debbie Botha, ds. Mossie van den Bergh en mev. Marike de Klerk. | 158-159 |
| Illus. 39: | Die Vroueaksie van die kiesafdeling Overvaal het 'n noenmaal ten bate van soldate op die grens aangebied. Mev. Botha was die gasspreker en het op die aanslag klem gelê. | 158-159 |
| Illus. 40: | Lt. kol. J. A. Steyn het die Drie Riviere-tak van die Vroue Landbou-unie oor terrorisme toegespreek. Vlnr. Mev. June de Bruyn (gasvrou), lt.kol. J. A. Steyn (hoof van die veiligheidspolisie in die Vaaldriehoek) en mev. Anette Senekal (voorsitter). | 160-161 |
| Illus. 41: | Die eerste volwaardige weermaguitstalling op die Vaalskou in September 1979. | 172-173 |
| Illus. 42: | Genl. Constand Viljoen, Hoof van die Weermag, het die Vaalskou van September 1984 geopen. | 173-174 |
| Illus. 43: | Talle verbygangers het na die musiek van dié weermagorkes geluister. | 187-188 |
| Illus. 44: | Die Dawid sanggroep wat by die Vaaldriehoekse Technikon opgetree het. | 187-188 |
| Illus. 45: | 'n Militêre konvooi wat op Republiekdag, 31.05.1980, deur die hoofstraat van Vereeniging gery het. | 188-189 |

| | | |
|---|---|---|
| Illus. 46: | Die begrafnis van sktr. Bennie Jordaan, die eerste soldaat wat in die heldeakker op Vereeniging begrawe is. | 193-194 |
| Illus. 47: | Polisiemanne wat tydens grensdiens gesneuwel het is met militêre eer begrawe. Die militêre begrafnis van sers. Chris Momberg. | 193-194 |
| Illus. 48: | Die medalje vir die bekamping van terrorisme van sers. Momberg wat na sy dood aan sy moeder oorhandig is. | 193-194 |
| Illus. 49: | Die heldeakker op Vereeniging waar gesneuwelde soldate uit die grensoorlog sedert 1979 begrawe is. | 194-195 |
| Illus. 50: | Die heldeakker op Sasolburg waar gesneuwelde soldate uit die grensoorlog begrawe is. | 194-195 |
| Illus. 51: | Die gedenknaald vir gesneuwelde soldate uit die grensoorlog by Vanderbijlpark se heldeakker. | 194-195 |
| Illus. 52: | Die gedenknaald in Sasolburg se sakesentrum. | 194-195 |
| Illus. 53: | Die senotaaf op Vereeniging waarop die name van gesneuweldes van die twee wêreldoorloë en van die grensoorlog aangebring is. | 194-195 |
| Illus. 54: | Die gedenknaald op Meyerton waarop die name van gesneuwelde soldate uit die grensoorlog aangebring is. | 194-195 |
| Illus. 55: | Ciska Kirstein en Crista Opperman wat in 1984 opleiding by die vroueleërkollege ontvang het. | 204-205 |
| Illus. 56: | Vrouelede van die Meyerton Kommando. | 204-205 |
| Illus. 57: | 'n Polisieman demonstreer die werking van 'n vuurwapen tydens skietlesse in Mei 1981 op Vanderbijlpark. | 206-207 |
| Illus. 58: | Groep 17 het 'n groep werkgewers in Januarie 1993 oor huis-en-haard-beskerming ingelig. | 215-216 |
| Illus. 59: | Vroue is geleer om te skiet tydens die gemeenskaps-projek van die Meyerton Kommando in April 1993. | 215-216 |
| Illus. 60: | Leerlinge van die Taaibos skool oefen dié skool se noodplan. | 223-224 |

| | | |
|---|---|---|
| Illus. 61: | 'n Wapenuitstalling tydens 'n openbare byeenkoms by Laerskool Voorslag op Vanderbijlpark. | 224-225 |
| Illus. 62: | Hoërskoolleerlinge tydens 'n veldskool op Pelgrimsrus in Februarie 1995. Kinders is aan aspekte soos hindernisbane, roetemarse, ideologiese lesings en parades op veldskole blootgestel. | 226-227 |
| Illus. 63: | Susan Greyling het in November 1974 militêre basisse per lugmaghelikopter besoek. Vlnr. D. G. Kotze (Hoof, Hoërskool Drie Riviere), Susan Greyling, lt. T. Ackerman (skakelafdeling van die weermag), lt. L. Smit (vlieënier), Kobus Smit (*Huisgenoot*). | 226-227 |
| Illus. 64: | Die weermag het die Samevloei Voortrekker-kommando gehelp met radiowerk. | 228-229 |
| Illus. 65: | Die stigter van die *Boys Brigade* op Vereeniging, v.sers. Norman Soar van 22-Lugskool. | 230-231 |
| Illus. 66: | Die 1ste Vereeniging Kompanie van die Randse Bataljon tydens 'n drilkompetisie by die Regiment Oosrand. | 230-231 |
| Illus. 67: | Seuns van die Laerskool Suikerbos wat deur die onluste-eenheid op 'n "terroristejag" geneem is. | 231-232 |
| Illus. 68: | Die jaarlikse kadetparade wat by Hoërskool Transvalia gehou is. | 235-236 |
| Illus. 69: | Seuns ondergaan opleiding tydens 'n kadetkamp wat in 1993 deur die Hoërskool Parys aangebied is. | 235-236 |
| Illus. 70: | Kommodoor S. Trainor van die vloot inspekteer vlootkadette van T.S. Bounty op Vereeniging. | 241-242 |
| Illus. 71: | Kleuters van die Vlindelinde versorgingsentrum tydens 'n besoek aan die Regiment Vanderbijlpark. | 244-245 |
| Illus. 72: | Die beheerkamer van die burgerlike beskerming op Vanderbijlpark. | 252-253 |

| | | |
|---|---|---|
| Illus. 73: | Die kommunikasie-toestel wat vir die burgerlike beskerming van Sasolburg ontwerp is. Vlnr. Bill Sharpe (hoof, burgerlike beskerming Sasolburg), H. Wentzel (verkeershoof, Sasolburg), D. van Zyl (brandweerhoof, Boksburg) en J. J. Swanepoel. | 257-258 |
| Illus. 74: | Die burgerlike beskerming het sulke inligtingsborde op verskillende plekke aangebring om die publiek bekend te stel aan terroristewapens. Paul Saayman hou die een vas wat by die D. P. de Villiers sportstadion aangebring is. | 257-258 |
| Illus. 75: | Die Rooikruis en Noodhulpliga was deel van 'n oefening in Maart 1976 in Vanderbijlpark, waar 'n terroriste-aanslag nageboots is. | 270-271 |
| Illus. 76: | 'n Puma helikopter van die lugmag verwyder "beseerdes" van die dak van die Saambou gebou in Vereeniging tydens 'n oefening in April 1992. | 273-274 |
| Illus. 77: | Die inburgeringskomitee en 'n aantal teruggekeerde dienspligtiges in 1983 op Vereeniging. | 291-292 |
| Illus. 78 | Genl. Constand Viljoen, hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, ontvang 'n tjek vir R103 275 van John Riddell, hoofwerkebestuurder van ISCOR. | 295-296 |
| Illus. 79: | Die Sasolburgse Organisasie vir Nasionale Dienspligtiges het in November 1983 boeke na die grens gestuur. | 297-298 |
| Illus. 80: | Die verkeersafdeling van Vereeniging het as deel van Projek Anker die voertuie van dienspligtiges wat uitgeklaar het, geïnspekteer. | 302-303 |

| | | |
|---|---|---|
| Illus. 81: | Die burgemeester van Vereeniging het verteen-woordigers van die bankwese en militêre instellings op die dorp onthaal. Vlnr. Skippie Botha, LPR, J. Windell (hoofbestuurder van die bank van die OVS), mev. Mary Hoogenhout (burgemeester), R. K. Pearson (assistant-algemene bestuurder van Barclaysbank), kol. Pikkie van Niekerk (bevelvoerder Groep 17). | 305-306 |
| Illus. 82: | Die stadsraad van Vereeniging het 'n spesiale toekenning aan die Kommissaris van Polisie, genl. Hennie de Wit, gemaak. | 305-306 |
| Illus. 83: | Genl.maj. Neil Webster het R250 000 van die burgemeester van Vanderbijlpark, H. F. Schroeder, ontvang. | 306-307 |
| Illus. 84: | Die ambulans wat aangekoop is as gevolg van Vereeniging se bydrae tot die Suiderkruisfonds. Die ambulans het Vereeniging se naam gedra en is na Rhodesië gestuur. | 309-310 |
| Illus. 85: | Militêre personeel van Voortrekkerhoogte het 'n tjek vir die Elize Groenewald fonds aan mev. Mary Hoogenhout oorhandig. | 312-313 |
| Illus. 86: | Die spierdistrofielyer, Denver Roussouw, het die Vaal Kommando besoek. | 312-313 |
| Illus. 87: | Ben Zeeman, voorsitter van die Vereeniging-tak van die Suiderkruisfonds, oorhandig geskenkpakkies aan soldate wat na die grens vertrek he in Januarie 1984. | 322-323 |
| Illus. 88: | Afgevaardigdes van verskillende takke van die Vroue Landbou-unie het in November 1988 die Vereeniging Kommando besoek. | 322-323 |
| Illus. 89: | Lugbomme wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog by die Vaalwerke van USCO gegiet is. | 334-335 |

| | | |
|---|---|---|
| Illus. 90: | Ammunisievervaardiging tydens die Tweede Wêreldoorlog by Stewards &Lloyds. | 334-335 |
| Illus. 91: | 'n Buffel mynbestande troepedraer wat 'n landmyn in die noorde van Namibië gedetoneer het. Spesiale pantserstaal wat deur ISCOR vervaardig is en die v-vormige bak gedeelte het die lewens van baie Suid-Afrikaanse soldate gespaar. | 341-342 |
| Illus. 92: | Kanonlope is tot in 'n halfklaar stadium by USCO verwerk. | 344-345 |
| Illus. 93: | Broderick Ingenieurswerke het verskillende onderdele van die G5- kanon vervaardig. | 348-349 |
| Illus. 94: | Broderick Ingenieurswerke het verskillende onderdele van die G6-kanon vervaardig. | 348-349 |
| Illus. 95: | Die 40mm-granaatlanseerder, een van die wapens wat deur MITCO op Vereeniging vervaardig is. | 350-351 |
| Illus. 96: | Masjienwerk op die raamwerk van die vlerke van die Rooivalk aanvalshelikopter by Elca. | 351-352 |
| Illus. 97: | Die Rooivalk aanvalshelikopter. Die raamwerk van die vlerkies van dié helikopter is by Elca gemasjineer. | 351-352 |
| Illus. 98: | Lede van die Vaal Splat attack Paintball Club op Vanderbijlpark. | 361-362 |
| Illus. 99: | Die Casspir voertuig wat deur die Jaarvlak 4-seuns van die Spesiale Skool op Sasolburg gebou is. | 361-362 |
| Illus. 100: | Rook van 'n brandende teerput op Sasolburg het mense laat dink dat daar weer iewers sabotasie was. | 364-365 |
| Illus. 101: | Wessel van der Vyfer wat na 'n landmynontploffing in 1986 verlam is. | 380-381 |
| Illus. 102: | Kpl. Andre de Kock, tweede van regs. *Die Honoris Crux* is aan hom toegeken na 'n daad van dapperheid in Owamboland op 15 Mei 1976. | 384-385 |

| | | |
|---|---|---|
| Illus. 103: | Kapt. Arthur Walker houer van die *Honoris* Crux Goud | 384-385 |
| Illus. 104: | O.kpl. Johny Maloy houer van die *Honoris Crux*. Dié orde is postuum aan sktr. Euner Rosenberg toegeken. Die orde is aan albei toegeken na 'n daad van dapperheid in Vereeniging op 30 Januarie 1990. | 384-385 |
| Illus. 105: | Die Regiment Overvaal is in Augustus 1982 as die ontwikkeldste regiment aangewys. Kmdt. Lourens Human en maj. Pierre Viljoen het ook die hoof van die leër se aanprysingsmedalje ontvang. | 385-386 |
| Illus. 106: | Kmdt. Pikkie van Niekerk was die eerste soldaat uit Vereeniging om die hoof van die leër se aanprysingsertifikaat te ontvang. | 385-386 |
| Illus. 107: | Mense het in Vanderbijlpark hande gevat en leerlinge van die Laerskool Selborne op Vereeniging het vrede uitgespel op Vredesdag van 1993. | 391-392 |
| Illus. 108: | Neerlegging van die vaandels. Die vaandel van ROV word opgerol om weggelê te word nadat besluit is om dié eenheid in Maart 1997 te ontbind. | 393-394 |
| Illus. 109: | Gepantserde wagtorings wat as skrootstaal by ES Metale op Meyerton in die jaar 2000 verkoop is. | 397-398 |

# INLEIDING

Militêre aktiwiteite het sedert die sestigerjare van die twintigste eeu toenemend 'n invloed op die Suid-Afrikaanse samelewing uitgeoefen. Verskillende samelewingsverbande is op verskillende wyses deur die militariseringsproses geraak. Dié proses is deur verskillende streke op eiesoortige wyse ervaar. Bevolkingsamestelling, tipes nywerhede en strategiese belangrikheid het in die proses 'n rol gespeel. Die invloed van militêre aktiwiteite op die samelewing was geensins tot die Suid-Afrikaanse samelewing beperk nie. Duitsland het byvoorbeeld die impak van militêre aktiwiteite gedurende die Koue Oorlog, 1945-1989, ervaar. Infrastruktuur is aangepas vir troepebewegings, verskillende nywerhede het wapenonderdele vervaardig, terwyl gemeenskappe deeglik van 'n permanente militêre teenwoordigheid bewus was.[1]

Die Vaaldriehoek het die militariseringsproses in Suid-Afrika op eiesoortige wyse ervaar. Die doel van hierdie proefskrif is die teboekstelling van wetenskaplike navorsing oor militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek tussen 1974 en 1994. Die Vaaldriehoek was vanweë sy nywerhede, waterbronne, ligging en as 'n mannekragbron van militêre betekenis. Vaaldriehoekse militêre eenhede het grensdiens verrig asook bygedra tot die streek se beveiliging. Militêre aktiwiteite op die grens van Namibië en Angola en in die Vaaldriehoek het 'n invloed op die inwoners van die streek gehad. Vaaldriehoekse fabrieke het 'n belangrike rol in die ontwikkeling en vervaardiging van wapens soos die G5- en G6-kanon gehad. Daar gaan dus in hierdie studie gefokus word op die militariseringsproses se invloed op die Vaaldriehoek.

---

[1] H. W. Koch, *The age of total warfare* (Greenwich, Bison, 1983), pp. 244 en 253; R. Knecht, Kampfpanzer Leopard (München, Lehmans, 1972), p. 79; P. W., Crizer, e.a., "Defence on extended frontages", *Infantry*, 67(6), Nov. Des. 1977, p. 20; F. Birnstiel, "German combat troops in action", *Infantry*, 67(6), Nov. Des. 1977, pp. 24-29; Anon, "Forum and features: Duty in Europe", *Infantry*, 69(3), Mei-Junie 1979, p 9.

Gebeure in die Vaaldriehoek het 'n uitkringende effek op landsveiligheid gehad, sowel as 'n wesentlike impak op militêre aktiwiteite. Die voorval by Sharpeville op 21 Maart 1960 het tot gevolg gehad dat 'n noodtoestand afgekondig is en dat die burgermag gemobiliseer is. Daarna het die opleiding van die weermag op guerilla-oologvoering gekonsentreer. Die onluste van 4 September 1984 wat in Sebokeng begin het, het tot binnelandse militêre operasies aanleiding gegee. Die eerste operasie van dié aard was Operasie Palmiet in Oktober 1984 in Sebokeng. Die Boipatong voorval van 1992 wat met derdemagbedrywighede geassosieer is, het die aftakeling van die ou veiligheids*establishment* versnel.

Die tema van die ondersoek is om verskeie redes aktueel. Voorvalle van terreur en sabotasie in die Vaaldriehoek het meegebring dat die inwoners van die streek die aanslag op eie drumpel ervaar het. Die eskalasie van terrorisme in Suid-Afrika vanaf die middel sewentigerjare en die Suid-Afrikaanse militêre betrokkenheid in Angola het meegebring dat die blanke samelewing gemobiliseer is. Die feit dat baie Vaaldriehoekse blanke mans destyds militêre diensplig verrig het, het meegebring dat die gemeenskap van die streek die militêre poging ondersteun het. Heelwat jongmanne van die streek het destyds tydens militêre optredes gesneuwel. Die aftakeling van die militêre kultuur ná 1989 was vir baie mense traumaties omdat hulle gevoel het dat hulle opofferings verniet was. Die werksaamhede van die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) het na 1994 'n aktualiteitswaarde aan die tydperk 1974-1994 verleen.

Die militêre geskiedenis van die Vaaldriehoek is 'n onderontwikkelde studieveld en geen werke in hierdie verband bestaan nie. Destyds is egter in die plaaslike pers heelwat aandag aan die militêre eenhede en die polisie van die Vaaldriehoek gegee en 'n aantal publikasies bestaan wel wat die proses van militarisering in die tydperk 1974-1994 behandel. Oor die grensoorlog van 1966-

1989 is 'n aantal werke beskikbaar.[2] Die publikasie, *War and society: The militarisation of South Africa,* behandel die progressiewe militarisering van die Suid-Afrikaanse samelewing tot in 1989 breedvoerig. In dié werk word daar op aanduiders van militarisering in Suid-Afrika gefokus. [3] In die werk, *Pretoria's praetorians: Civil-military relations in South Africa,* word daar op die verhouding tussen die weermag en die burgerlike samelewing gefokus.[4] In die werk, *South Africa a different kind of war: From Soweto to Pretoria,* word die proses van weerstand en die regering se mobilisasiepogings oorsigtelik behandel.[5]

Geen nagevorsde materiaal wat oor die militarisering van die Vaaldriehoek handel, kon egter opgespoor word nie. Een moontlike rede hiervoor kan onder meer wees dat die klem destyds eerder op gebeure in Suidwes-Afrika en Angola, as op plaaslike gebeure geval het. Aan die ander kant, kon die groot mate van geheimhouding en sekerheidsbewustheid daartoe bygedra het dat die temas wat hierdie studie in oënskou neem, vermy is. Die algemene gevoel wat na dié tyd geheers het, naamlik dat "alles verniet was", het mense ook hulle belangstelling in die betrokke saak laat verloor. Daar bestaan dus ruimte vir wetenskaplik-historiese navorsing na die militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek tussen 1974 en 1994.

Die sentrale tema van die onderhawige studie handel oor die vergestalting van die militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek en die invloed daarvan op die gemeenskap van die streek. In hierdie verband word gekyk na die aanslag op die streek, die verskillende militêre eenhede, hulle aktiwiteite en die mate waarin

---

[2]P.L. Moorcroft, *Africa's super power* (Johannesburg, Sygma, 1981); S. Stander, *Like the wind: The story of the South African Army* (Cape Town, Saayman & Weber, 1985); W. Steenkamp, *Suid-Afrika se grensoorlog 1960-1989* (Rivonia, Ashanti, 1990).

[3] J. Cock en L. Nathan (eds.), *War and society: The militarisation of South African society* (Johannesburg, David Phillip, 1989).

[4] P.H. Frankel, *Pretoria's praetorians: Civil-military relations in South Africa* (Cambridge, Cambridge University press, 1984).

[5] J. Frederikse, *South Africa a different kind of war: From Soweto to Pretoria* (Johannesburg, Ravan, 1987).

die gemeenskap dié eenhede ondersteun het. Hierbenewens word die impak van die militariseringsproses op die Vaaldriehoek ook ondersoek.

Die waarde en aktualiteit van hierdie studie lê in die samevoeging van verskillende gegewens, soos byvoorbeeld die militêre aspekte en die impak daarvan op die sosio-ekonomiese aktiwiteite maak dit moontlik vir navorsers om 'n sinvolle geheelbeeld te skep. Die Vaaldriehoek is as onderdeel van 'n groter geheel deur die mobiliseringspogings van destyds geraak. Dié tema kan tot die militêre geskiedenis gereken word, deurdat daar op die aktiwiteite van die verskillende magte en die invloed daarvan op die samelewing gekonsentreer word. In hierdie studie is daar ook van ander vakdissiplines soos die geografie, industrialisasie, staatsleer, polisiekunde, sosiologie en psigologie gebruik gemaak. In die militêre geskiedenis is daar ruimte vir 'n ineenskakeling van al hierdie dissiplines.

'n Wye verskeidenheid bronne is gebruik. Die primêre bronne behels: die Direktoraat Dokumentasie Diens van die SANW, Polisie argief, Krygkor argief, Staatsargief, Rand Water argief en die Vaal Teknorama. Inligting was oor die algemeen volledig en georden. Die sekondêre bronne wat gebruik is, sluit ongepubliseerde werke, proefskrifte en verhandelings; koerant- en tydskrifartikels; gepubliseerde werke; regeringspublikasies; militêre publikasies; jaarboeke; notules; gedenkalbums; pamflette; brosjures; dagboeke; en persoonlike onderhoude in.

Bronne oor die Vaaldriehoek sluit die werke onder leiding van P.J.J. Prinsloo in wat onderskeidelik oor Vereeniging en Vanderbijlpark handel.[6] Die werk van R.L .Leigh wat oor Vereeniging handel, is ook geraadpleeg.[7] Die twee lug-afweerregimente wat daar in Vereeniging was, word in twee bronne oorsigtelik

---

[6] P. J. J., Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging* (Vanderbijlpark, PU vir CHO, 1992); P. J. J., Prinsloo, *Die geskiedenis van Vanderbijlpark* (Vanderbijlpark, PU vir CHO, 1994).

[7] R. L. Leigh, *Vereeniging* (Johannesburg, Courier-Gazette, 1968).

behandel.[8] Veldwerk in die vorm van die neem van foto's van fabrieke, die infrastruktuur en begraafplase is ook aangepak. Hierdie werk behoort as 'n voorbeeld te dien vir soortgelyke navorsing in ander nywerheidstreke. Uit die bronne-oorsig is dit duidelik dat daar genoeg bronne bestaan om 'n studie oor die tema te regverdig. Alhoewel baie van die bronne nie direk na militêre aktiwiteite verwys nie, bevat dit nuttige inligting om 'n vollediger studie oor die invloed van die militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek saam te stel.

In die samestelling van hierdie werk is ook enkele probleme ondervind. Sekere instansies het aangedring op 'n onderneming van geheimhouding, alvorens toestemming verleen is om daar navorsing te doen. Sekere persone wat destyds met verskillende projekte gemoeid was, het ook vereis dat daar oor sekere aspekte nie geskryf mag word nie. Gesien in die lig van die werksaamhede van die WVK, was sommige persone met wie onderhoude gevoer is, agterdogtig. Omdat 'n sintese verkry moes word uit verskillende gegewens, was heelwat skaafwerk nodig ten einde 'n sinvolle geheelbeeld daar te stel. Om 'n beter perspektief en meer insig te verkry, het daar ook nog nie genoeg tyd tussen die hede en die gebeure van voor 1994 verloop nie. Sommige rolspelers lewe nie meer nie of het na onbekende bestemmings verhuis. Daar bestaan geen gepubliseerde bronne wat direk oor die militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek handel nie.

Hierdie studie val in vyf afdelings uiteen. Daar is eerstens 'n afdeling oor die verdediging van die Vaaldriehoek. In afdeling B word die verskillende mobilisasie-pogings in die streek behandel. Afdeling C handel oor die weerbaarmaking van die Vaaldriehoekse burgery en betrek noodplanne, jeugweerbaarheid en burgerlike beskerming. Die ondersteuning van die militêre aktiwiteite - van pogings van die gemeenskap tot wapenvervaardiging, word in

---

[8] L. Crook, *Young's Field: A history of the anti-aircraft school* (Kimberley, Anti-aircraft school/ 10 Anti-aircraft regement, 1991); C.J. Nöthling (red.), *Ultima ratio regum: Artilleriegeskiedenis van Suid-Afrika* (Pretoria, Militêre informasie buro, 1987).

afdeling D saamgegroepeer. In afdeling E word daar op die impak en die aftakeling van militêre aktiwiteite gefokus.

Die studie begin in hoofstuk een met die strategiese posisie wat die Vaaldriehoek beklee het. In die Vaaldriehoek was daar aspekte van nasionale belang. Die waterbronne van die streek, naamlik die Vaalrivier, die Vaaldam en die Barrage, het 'n belangrike rol in die funksionering van die myne, fabrieke en kragstasies in die Pretoria Witwatersrand Vaaldriehoek (PWV) gebied gespeel. Verder het die nywerhede van die Vaaldriehoek insgelyks 'n strategiese rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie en verdediging gespeel. Die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie (ISCOR) was die grootste enkele staalprodusent in Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie (SASOL) het bygedra om brandstof te produseer in tye van wêreldwye brandstofkrisisse en boikotte teen Suid-Afrika. Die sektore in en om die Vaaldriehoek was van die Vaaldriehoekse kragstasies afhanklik, onder meer die myne, fabrieke, spoorweë en huishoudings.

In hoofstuk twee word na die aanslag op die Vaaldriehoek gekyk. SASOL is byvoorbeeld vanweë sy belangrikheid vir die nasionale ekonomie op 1 Junie 1980 gesaboteer. Daar word ook gekyk na die plek wat die Vaaldriehoek in die geval van 'n konvensionele oorlog sou ingeneem het. Die veiligheidsmagte het heelwat wapenopslagplekke en gevaarlike wapens in die streek ontdek. Met die eskalasie van die gewapende stryd, het daar ook voorvalle van terreur in die Vaaldriehoek voorgekom. Die vergestalting van die rewolusionêre oorlog in die Vaaldriehoek word oorsigtelik behandel. Die onluste wat op 3 September 1984 in die Vaaldriehoek uitgebreek het, het oor die hele land versprei terwyl rewolusionêre organisasies vinnig op die situasie gekapitaliseer het. Daar is ook gepoog om die swart bevolking teen die destydse regering te mobiliseer. Die onluste wat ontstaan het, het verreikende implikasies vir die binnelandse veiligheidsituasie gehad. 'n Belangrike onderdeel van die rewolusionêre stryd was die gewapende stryd. Beide die gewapende vleuels van die *African National*

*Congress* (ANC) met *Umkhonto we Sizwe* (MK), en die *Pan African National* (PAC) met die *Azanian People's Liberation Army* (APLA), was in die Vaaldriehoek aktief. Die uitbreek van die sogenaamde *township-oorlog* in 1990 in die Vaaldriehoek het die totstandkoming van selfverdedigingseenhede (SVE'e) tot gevolg gehad.

In hoofstuk drie word die verskillende militêre eenhede in die Vaaldriehoek behandel. Daar was kommando's, regimente en hoofkwartiere van formasies in die Vaaldriehoek. Die industriële kommando's het SASOL en ISCOR beskerm terwyl spesiale afdelings van die polisie militêre tipe werk in swart woongebiede gedoen het. Die aktiwiteite van die verskillende magte word in hoofstuk vier behandel. Verskeie oefeninge is in die Vaaldriehoek gehou, ten einde die paraatheid van die soldate te toets. Lede van die Vaaldriehoekse militêre eenhede en van die polisie het op verskillende grense gedien en sedert 1984 ook diens in swart woongebiede verrig. Die binnelandse veiligheidsituasie het meegebring dat soldate in swart woongebiede ontplooi is.

In hoofstuk vyf word ondersoek ingestel na hoe die Vaaldriehoekse samelewing ten gunste van die militêre poging beïnvloed is. Tydens volksfeeste is die stryd wat op die landsgrense aan die gang was, beklemtoon. Verskillende organisasies, soos kultuurorganisasies en vroue-organisasies het bygedra om hulle lede oor die veiligheidstoestand in te lig. In hoofstuk ses word die meganismes waardeur die gemeenskap gemobiliseer is, behandel. Die gemeenskap is byna onwillekeurig meegesleur deur die bykans ooraanbod van die weermag en polisie tydens tentoonstellings, artikels en foto's in die plaaslike pers en televisiereekse en films. Daarbenewens was daar ook militêre orkeste wat opgetree het en deurmarse van die verskillende eenhede. Die Vaaldriehoekse dorpe het elkeen 'n heldeakker waar gesneuwelde soldate en polisiemanne begrawe is.

In hoofstukke sewe en agt word die weerbaarmaking van die gemeenskap behandel. Al die Vaaldriehoekse dorpe het oor goed uitgewerkte noodplanne beskik. Vroue is op verskillende wyses weerbaar gemaak en sekuriteitsmaatskappye en buurtwagte was deel van die weerbaarheidspogings. Sedert die begin van die negentigerjare het die weermag 'n daadwerklike poging aangewend om mense in huis-en-haard-beskerming op te lei. In hoofstuk agt word die invloed van die mobilisasie- proses op die jeug behandel. Kinders en jong mense is in verskillende stadiums bereik. Hoërskoolleerlinge is deur middel van jeugweerbaarheid, veldskole en kadette ideologies gemotiveer. Daar was byvoorbeeld besoeke van kleuterskole aan militêre basisse. Jeugorganisasies soos die Voortrekkers en die *Boys Brigade* het op 'n gereelde grondslag met die weermag geskakel. Skoolkadette en die vlootkadette het ten doel gehad om seuns vir militêre diensplig voor te berei.

In hoofstuk nege word die verskillende pogings om die burgery te beskerm behandel. Die burgerlike beskerming van die Vaaldriehoekse dorpe was goed georganiseer en al die dorpe het oor goed uitgewerkte noodplanne beskik. Verskeie dorpe het in hierdie opsig 'n A-gradering behaal. Noodhulporganisasies soos die Noodhulpliga, Rooikruis en *St. John's Ambulance* is by dié pogings ingeskakel. Teen die einde van die tagtigerjare het die proses van die burgery om homself te beskerm momentum gekry.

In hoofstukke 10 en 11 word aangetoon in watter mate die gemeenskap die weermag en polisie ondersteun het. Daar is verskillende projekte aangepak om fondse mee in te samel en geriewe vir soldate te help skep. Organisasies soos die Suiderkruisfonds, die Transvaalse Vroue-landbou-Unie en veterane-organisasies was aktief met die ondersteuning van die Vaaldriehoekse soldate gemoeid. Werkgewers was ook tegemoetkomend teenoor werknemers wat militêre diens verrig het. In hoofstuk 12 word die wapenvervaardiging van die Vaaldriehoekse fabrieke behandel. Hierdie fabrieke het 'n groot rol in die ontwikkeling en vervaardiging van wapentuig soos die G5- en G6-kanon gespeel.

Pantserstaal, kanonlope en onderdele van wapentuig is onder meer deur die Vaaldriehoekse fabrieke vervaardig.

In hoofstuk 13 word die impak van die vermilitariseringsproses behandel. Heelwat jongmanne uit die streek het gesneuwel. Baie van die Vaaldriehoekse soldate wat in gevegsituasies was, ly steeds aan posttraumatiese stres, terwyl ander weer aan drank- en dwelmmisbruik skuldig was. Op grond daarvan dat 'n hele aantal Vaaldriehoekse soldate hoë militêre toekennings ontvang het, kan aanvaar word dat soldate uit die streek positief teenoor die verdedigingspoging gestaan het.

Die aftakelingsproses van militêre aktiwiteite word in hoofstuk 14 behandel. Die proses is deur die destydse staatspresident, F.W. de Klerk, aan die gang gesit. Hy was in 'n stadium lid van die Volksraad vir Vereeniging. Die proses het egter ook saam gehang met die wêreldwye ontwapening as gevolg van die beëindiging van die Koue Oorlog. Ontnugtering en pasifisme het daartoe gelei dat ook die Vaaldriehoekse soldate begin het om nie vir militêre diens aan te meld nie. Die afskalingsproses het meegebring dat drie Vaaldriehoekse regimente ontbind het en fabrieke in die streek opgehou het om wapens te vervaardig. Kommissies van ondersoek, soos byvoorbeeld die Goldstone Kommissie, het die optrede van die Vaaldriehoekse soldate en polisiemanne ondersoek.

Die slot is 'n samevatting van die proses waarvolgens die Vaaldriehoekse gemeenskap na 1974 gemobiliseer is as gevolg van die politieke en militêre verwikkelinge in Suider-Afrika. Hierdie proses het veral die blanke bevolking meegesleur omdat hulle geglo het dat daar om oorlewing geveg word. Die militêre onttrekking in 1989 uit Namibië het die proses beëindig, alhoewel die binnelandse onstuimigheid die demobilisasie vertraag het. Die negatiewe impak van die proses was 'n hele aantal gesneuweldes, werkloosheid as gevolg van fabrieke wat nie meer wapenkontrakte gekry het nie en moedeloosheid onder veral die blanke Suid-Afrikaners.